**Oorweldig deur die Here Jesus**

**Joh 1:35-51**

**2 Februarie 2025**

1. Vantevore: Johannes die Doper het 'n begeerte na die beloofde Een wakker gemaak. Hy was nie die Christus nie, maar het na Hom gewys: "Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!". Hy was oortuig die Here Jesus was die Christus, want hy het die stem uit die hemel gehoor, en gesien hoe die Gees op die Here Jesus neerdaal.
2. Joh 1:35-51 – Roeping van 5 dissipels: Andreas, Johannes(?), Petrus, Filippus, Natanael
3. Opsomming van gebeure:
    a. "Die volgende dag" (v29, 35, 43, 2:1) – herinner aan Gen 1
    b. Vgl roeping van Andreas en Simon Petrus: Joh 1:35-42 vs Mat 4:18-20
        - Beskrywing in Joh 1 waarskynlik voor Mat 4
        - Joh 1 = "kyk en sien", Mat 4 = volledige toewyding
4. Die Here Jesus is in beheer
    a. Die Here Jesus begin sigbaar optree – en Hy is in beheer
    b. Andreas/Johannes: Die Here Jesus het "iets" wat Hy aan hulle kan bied
    c. Petrus: Die Here Jesus verander sy naam in ooreenstemming met toekomstige rol
    d. Filippus: Die Here Jesus se roeping is effektief
    e. Natanael: Die Here Jesus beloof hulle sal groter dinge sien
5. Die Here Jesus ondersoek harte
    a. Andreas/Johannes: "Wat wil julle hê?"
    b. Petrus: Kyk stip na Petrus – die Here Jesus verstaan wat Petrus gaan benodig (Luk 22:32, Mat 16:18)
    c. Natanael: Die Here Jesus sien dadelik hy is Israeliet sonder bedrog
6. Die Here Jesus oorweldig mense
    a. "Oorweldig" = beduidende effek, "captivates"
        - Kan met "geweld" gebeur – bv Saulus
        - Kan liefdevol gebeur – soos met die 5 dissipels
    b. Andreas/Johannes: So indrukwekkend Johannes onthou nog hoe laat dit gebeur het
    c. Dissipels gebruik aangrypende titels vir die Here Jesus: Lam van God (Johannes die Doper, v36), Rabbi (Andreas/Johannes, v41), Messias (Andreas, v41), Een van wie Moses en die profete geskryf het (Filippus, v45), Seun van God, Koning van Israel (Natanael, v49)
    d. Dissipels se dade getuig hulle is oorweldig: Andreas/Johannes gaan kuier, Andreas vertel vir Simon, Filippus vertel vir Natanael
7. Die Here Jesus roep tot geloof, en tot geloofsgroei
    a. Andreas/Johannes: "Waar bly U?" = fisiese blyplek, Jesus tabernakel by ons (Hy is ontmoetingsplek). "Kom kyk!" = Kom leer!
    b. Natanael: Nog groter dinge = Hemel geopen, engele beweeg op en af op Seun van die Mens
        - Gen 28:16-17 – Jesus is die ontmoetingsplek/poort na die hemel
        - Dan 7:13-14 – Jesus is die Seun van die Mens wat na die Vader (Oue van Dae) gaan
8. Oproep
    a. Hoekom is so baie gelowiges so traag?
    b. Wat wil jy hê? Hoe leer jy? Vertel jy? Ken jy die Here Jesus?